## Nuwe Openbaring: Die Groot Evangelie van Johannes: - Boek 11 - Die volk van die toekoms

**Hoofstuk 29:[7]** Ek (**JaHshua**) sê: "Beste vriende, Ek lees in julle gemoedere nou nog die vraag, **welke volk dan nou in die plek van die volk van die Judeërs kan tree**, ingeval hulle nie aan die verwagtings beantwoord nie - wat inderdaad die geval is, soos julle weet, want anders sou Ek nie die **verwoesting van die stad Jerusalem so baie voorspel het nie** - aangesien julle nie bekend is dat daar `n ander volk is wat `n enigsins soortgelyke skoling as die volk Israel deurloop het nie.

[8] Wel, ook dit sal Ek vir julle beantwoord. Elohim, as die Alwetende, is nooit so onverstandig dat Hy Sy werk op slegs één pilaar bou nie, maar Hy bou dit steeds op verskeie steunpunte, om te sorg dat die gebou wat Hy neersit, nie in één nag instort, ingeval die wurm aan die een of die ander steunpilaar geknaag het nie. Ook die werk van verlossing staan daarom op baie, baie veilige steunpunte, sodat dit moet slaag, selfs wanneer die vyand uit alle mag probeer om dit te verhinder.

[9] Hier op hierdie aarde is verskeie volkere wat geskik kan wees om in plaas van die Judeërs **as seëlbewaarders van die nuwe woord te dien;** want die oue sal voortaan deur die ou bewakers van die te angsvallige bewaak word, namate daar meer ellende oor hulle sal losbars. En ook al sal die Judeërs oor die hele aarde verstrooi word, **sal hulle des te stewiger vashou aan die ou geloof,** omdat dit en die hoop op die herstel van hulle vroeëre, vergane grootheid, die enigste anker sal wees waardeur hulle van algehele verval en vernietiging gered kan word, waarvan hulle self goed bewus van sal wees.

[10] **My nuwe woord het egter eweneens seëlbewaarders nodig**, dit wil sê: Een Volk uit welke midde steeds weer nuwe leraars kan opstaan, wat die enigsins drassige geworde leer weer kan reinig en die moeraswater in `n helder stroom verander. Want netsoos wat die Judeërs slegs langsaam ryp geword het, **so sal ook dié volk slegs langsaam ryp word**. En netsoos die Judeërs gevangenskap moes ondergaan vanweë hulle sondes en omdat hulle tot afgodery verval het, so sal ook die volk van die toekoms ter wille van hulle ryping tot soortgelyke foute, ja selfs presies dieselfde kan en moet verval. **Netsoos wat Ek in die Judese volk profete opgewek het, sal daar profete opstaan en die suiwer leer vanuit die hemele suiwer van alle toevoegings.**

[11] Die volk is nou egter so goed as onbekend vir julle, maar mettertyd sal hulle **met groot krag** te voorskyn kom en alles wat verrot en onbruikbaar is, in stukke slaan; want hulle sal magtig wees in dié nog **onaangetaste natuurlike krag**. Dieselfde leraars wat hier neergedaal het as My dienare, **sal ook weer daar terugkom,** deels in die vlees, deels in die gees, en hulle sal met groot geesdrif en alles oorwinnende mag van My getuig, soos wat hulle tot nou toe van My getuig het, en Ek sal hulle onsigbaar langsaan staan en hulle lei.

[12] Maar dan, as die volk ook eenmaal `n sodanige hoogte bereik het **dat die vreemde konings bang word dat hulle die aarde wil besit**, soos die Romeine nou, dan sal daar `n tyd aanbreek wat ryk sal wees aan verrassings vir die volkere van die aarde. **Want nie die volk sal dan die middelpunt word nie, maar daar sal <u>`n nuwe volk ontstaan</u>,** wat gevorm sal word uit die **edelste geslagte van alle volkere**. Die volk sal die wêreld oorwin **met My krag, en vrede en eendrag**, sal en moet dan heers oor alle lande en volkere. **En te midde van daardie nuwe volk sal die heil dan gebore word,** wat geen koning en geen wet verder nodig sal hê nie as alleenlik dié ene: "Wees vir God lief bo alles en jou naaste soos jouself."

[13] En julle, My getroues, sal medewerkers wees aan die nuwe materiële en geestelike ryk. Daarom is julle hier versamel, naamlik om nou al in julle eerste aardse dae uit My mond te hoor waartoe Ek julle roep; want al diegene wat, vir julle nou onsigbaar, eweneens werkers sal wees vir die groot geluksaligheid van hierdie aarde en deur hierdie aarde van die universum en die geestesryk, is eweneens aanwesig en verheug hulle oor julle as medewerkers aan die beginnende werk. Julle sal hulle egter sien, die groot skare, wat daarvoor nodig is om die werk te laat gedy!"

[14] Na hierdie woorde open Ek by alle aanwesiges hulle geestelike gesig, en hulle sien alle profete en engele van My hemele, wat hulle baie vriendelik nader en **met hulle oor My laaste openbarings spreek**.

## Oor die sterwe

**Hoofstuk 30** Nadat die tafereel ongeveer `n uur geduur het en alle aanwesiges alle moontlike vrae aan die geeste gestel het, wat hulle baie vriendelik beantwoord, roep Ek vir **Johannes die Doper en Elia**, wat die aanwesiges slegs in die persoon van die Doper ken, na My toe en sê in die teenwoordigheid van alle aanwesiges hardop aan hom: "Jy was My voorloper in hierdie groot tyd van My koms tot die mense, **en jy sal dit ook weer wees** wanneer die groot tyd aanbreek waaroor Ek gespreek het. Maar die mense sal jou dan nie herken nie, desondanks sal jy weet wie jy eintlik is; want die laaste beproewing in die vlees wat jou te wagte staan, sal die fondament word vir die gebou van die **aanbrekende ryk van vrede**!

[2] Weliswaar sal die mense hulle ten tye van jou volgende lewe weinig oor jou woord bekommer; maar dit sal vir hulle met gloeiende letters in hulle siel geskryf word, sodat hulle dit nogtans sal voel, wanneer hulle vry van hulle liggaam sal wees. Die

woord van jou sal egter **My Woord** wees, en Ek sal rekenskap eis van elkeen wat dit gehoor het en geen ag daarop geslaan het nie!
[3] Maar **julle, My geliefdes en getroues**, wat om My heen versamel is en julle verbaas oor die dinge wat nou duidelik voor julle oë gebeur, **sal die stam vorm van diegene wat die nuwe uitverkore volk sal vorm**, en julle sal self bydra tot die vestiging daarvan in My Naam as `n groot broederskap, wat uit My gees die krag put vir groot dade.
[4] En so laat Ek julle nou gaan om die begin te maak, waardeur die verlore seun gedwing sal word om na die huis terug te keer, omdat hy nie na die lokkende roep van die Vader wou geluister het nie. Amen."

## Hoofstuk 32 - Oor die dood van Laserus

[4] Toe was die leerlinge nie meer ongerus ten aansien van My plan nie, en Ek sê verder aan hulle: "Julle weet tog dat ons vriend Laserus siek is en dat sy susters iemand na My uitgestuur het! Sou Ek nou dalk uit vrees vir die Judeërs nie tot hulle versoek inwillig nie?"
[5] Johannes vra My: "Heer, U weet immers alles! Hoe gaan dit nou met ons vriend Laserus?"
[6] **Ek antwoord: "Hy slaap - maar Ek gaan daarheen om hom op te wek."**
[7] Toe sê die leerlinge, wat gedink het dat Ek oor die liggaamlike slaap praat: "Heer, as hy slaap, sal sy siekte baie gou van hom wyk; want niks bring `n sieke weer so vinnig op sy kragte as `n gesonde slaap nie!"
[8] Ek antwoord: "Daarin het julle wel gelyk, maar tog vergis julle julleself; want **Laserus slaap nie die slaap van die liggaam nie, maar het gesterf."**
[9] Van hierdie verklaring skrik die leerlinge, te meer omdat hulle Laserus nog nie so lank gelede gesond en wel gesien het. Daar ontstaan `n harde gemurmel van meelewing onder hulle en ten slotte vra die mense angstig of daar nie tog nog hulp gebied kan word, omdat hy miskien maar net skyndood was, en of My krag hom nie sou opwek nie.
[10] Ek sê: "**Laserus is dood en lê al lankal in sy graf; maar tog sal Ek hom opwek**. Daarom het Ek so lank hier gebly, sodat niemand kan sê dat hy nie werklik gesterf het nie, en omdat die swak gemoedere volkome gelowig sal word **deur die laaste openlike teken wat Ek sal doen.** Ek is nou bly terwille van julle dat Ek nie daarby aanwesig was nie, en dat die Vader in My beveel het om aldus te handel, **sodat julle en nou nog vele ander sal glo**. En daarom sal ons môre na Betánië reis."
[11] Toe was almal tevrede.

## Die betekenis van die opwekking van Laserus

**Hoofstuk 43** Toe Ons geruime tyd swyend oor die weg geloop het, kom Johannes na My toe en sê: "Heer, U weet hoe baie ek steeds opgelet het by alles wat U gedoen en gespreek het! Ek het vir myself ook baie aantekeninge gemaak, vernaamlik oor U leer, en al U woorde getrou in my hart en sodoende ook in my geheue ingeprent, sodat dit vir my op ieder oomblik maklik sou wees om dit skriftelik vas te lê, wat hoofsaaklik in ons harte moet lewe. Maar tot nou toe het dit slegs gedeeltelik gebeur. Hierdie gebeurtenis met Laserus, waarvan ons almal aandagtige getuies was, sou ek tog sekerlik wil opskryf; want dit lyk vir my asof dit `n besondere betekenis het, **wat sekerlik nog `n ander oorsaak het** as net die weer lewendig maak van `n dooie liggaam."
[2] Ek sê: Watter betekenis dink jy dan dat hierdie gebeurtenis nog verder het?"
[3] Johannes antwoord: "Heer, Laserus was U besonder dierbaar in U oë, vanweë sy regverdige lewenswandel, en moes tog sterf aan `n siekte, wat hy homself deur eie skuld op sy hals gehaal het. Is dit nie `n duidelike teken dat `n mens, sodra hy nie bewustelik voor U oë wandel nie - dit wil sê dat hy glo dat hy deur U alwetende oë gadegeslaan word - ondanks al sy regverdigheid tog maar al te maklik in allerlei foute kan verval, waardeur hy in `n geestelike sluimer van die dood beland, waaruit net U hom weer kan red?
[4] En as die lydende susters van die mens dan - met hulle daadwerklike liefde en hulle goeie wil - na U toe kom en sê: "Kyk, Heer, hy wat U bemin, maar tog gefaal het, is nou dood! Hy sou nie gesterf het as U hier gewees het nie!" - dit wil dus sê: As hy gevoel het dat hy onder U oë wandel, sou hy nie gesondig het nie - sal U hom dan nie uit erbarming uit die nag van die dood bevry, sy verbande laat wegneem en hom met die lewenswater weer sodanig verkwik en herstel, dat dit lyk asof hy nooit gesterf het nie?"
[5] Sien, Heer, hierdie en nog vele andere gedagtes het daar in my opgekom, en ek glo daarom ook dat daar **nog baie meer in hierdie gebeurtenis verborge lê** as wat getuies daarvan dink!"
[6] Ek sê: "Johannes, jy is geseën, omdat jy in die gees sien, **wat alleen die gees jou kan openbaar**, en omdat jy deur die uiterlike gebeurtenis heen die innerlike betekenis gelees het! Ek sê jou dan ook dat daar nog oneindig baie meer in hierdie gebeurtenis verborge lê.
[7] Eers wanneer **die groot Laserus**, ter wille van wie Ek in die vlees gekom het, deur **My liefde opgewek sal word** - dan eers het die oomblik gekom dat die liefde van die Vader vir elke skepsel so duidelik sal word, dat die innerlike liefde van julle harte julle uitmekaar sou laat spring, as julle siele nie deur vele skolings stewig genoeg gemaak was om die enorme liefdesbewussyn te kan dra nie.
[8] Nou sien die mense natuurlik net `n gewone, vir hulle ook die buitengewone opwekking van die dode daarin, wat hulle wel met verbasing, maar nie met liefde vir God vervul nie. En ook latere geslagte sal weinig van die innerlike betekenis bespeur. **Maar jy, wat dit dan eerste opgemerk het, moet daarom ook daarvan getuie wees en in jou berigte** nie hierdie belangrikste van alle gebeurtenisse vergeet nie!